# PAASSONDAG 2009
## DIE DOOD IS INGESLUK

LEES: Jes 25:1-12 (:7,8)

DIE UITNODIGING NA DIE FEESMAAL
Die profeet Jesaja kondig 'n groot feesmaal aan.
**Plek**: Op die berg Sion (24:23).
Wie is die **gaste?** Hulle is diegene uit alle volke wat genade in God se oë gevind het. (24:14-16) Hulle is 'n klein oorblyfsel uit die totale wêreldbevolking wat God se oordeel oorleef het (24:6).
Wat is op die **spyskaart?** *"Die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn."* (25:6)
Wie is die **Gasheer?** *"Die Here, die Almagtige." (25:6)*

'n Mens kan so 'n uitnodiging nie van die hand wys nie, nie waar nie!
Daar is boonop ook 'n **uitsonderlike program** vir die geleentheid gereël. Luister weer na vers 7 en 8 (lees)

### DIE ROUKLEED WORD VERWYDER
*"Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was…"* Dit klink vandag vir ons na die **onthulling** van 'n standbeeld, nie waar nie! Dit is egter nie waaroor dit daardie dag gegaan het nie, maar om iets veel groters en veel ingrypender.
Die **opskrif** bo-aan die vorige hoofstuk is: *"Die Here gaan die aarde verwoes."* Daardie hoofstuk beskryf **die wegsterwe** van alle lewe op aarde. Luister hoe begin dit: *"Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi."* Vers 3 *"Die aarde sal verwoes word, heeltemal verwoes word…" Vers 4 "hemel en aarde sal vergaan".* Die volke word **permanent in rou** gedompel – vers 11: *"Op die aarde sal daar geen vreugde meer wees nie."*
Toe koning **Dawid** gerou het, het hy volgens 2 Samuel 15:30 'n doek oor sy kop gegooi. Vers 7 sinspeel op so **'n roukleed** wat oor al die volke gegooi was.
Maar op die dag van die feesmaal gaan die Here die kleed en inderdaad die dood self verwyder**, letterlik "insluk**". Hy gaan die dood "verslind", vir ewig vernietig. Hy vat die gaste se rouklere, alle tekens en simbole van swaarkry en dood in sy duisende gestaltes en sluk dit in. Dan vat Hy die dood self en met een groot hap sluk Hy dit ook in… weg! Verteer! Vir altyd!
En die **laaste spore** van die dood, die trane op die feesgangers se gesigte, vee Hy met sy eie hand af. Die Hebreeuse woord vir dood is *mot.* Dit is nie net letterlik die toestand van fisieke dood nie, maar alreeds van erge siekte. ***Mot*** is enigiets wat moeilikheid in mense se lewe veroorsaak, wat iets wegneem van jou voorspoed en in die pad staan van gemeenskap met medemense en met God. Dis die dood en alles wat daarmee saamgaan, alles wat 'n mens tot trane dryf. Die Here gaan dan die dood so totaal vernietig dat daar selfs nie meer *enige rede* vir trane sal wees nie!
Watter wonderlike feesmaal! Dis 'n **oorwinningsmaal** omdat die dood doodgemaak en "opge-eet" is. Die groot vyand wat dood en verwoesting gesaai het, is verslaan. Ware lewe is weer moontlik.

## SY NAME WORD IN ERE HERSTEL

God se Naam word as't ware **in ere herstel**. Hier word na drie van sy name verwys: Dit is die Naam **Jahwe** wat na Hom as die *enigste ware God* in die geskiedenis van Israel verwys. **Jahwe Sebaot** is sy *troontitel*, die *Heerser oor alle magte* en dus die Een wat die hoogste respek waardig is. In vs 8 word Hy **Adonai Jahwe** genoem, wat vertaal kan word met *"Die Alleenheerser, die Here"*.
In die **donker tye** waarvan Jesaja 24 vertel, kon mense begin twyfel het of dit werklik van Hom waar is dat Hy die *enigste ware God* is, dat Hy die *Heerser oor alle magte* is, dat Hy die *Alleenheerser* is. Nou was daar nie meer twyfel nie. Die wat nie getwyfel het nie, kon nou met verligting en blydskap getuig: (lees vs 9).
Dis nie net SY Naam wat in ere herstel is nie, maar ook die naam van sy **volk.** Waar die heidense nasies vantevore op hul neergesien het en met hulle gespot het vanweë hul vertroue op hul God, sal daar nou met nuwe oë na hulle gekyk word.

## DIE PROFESIE WORD VERVUL

**Ons vraag** is wanneer hierdie dag gaan aanbreek? Wanneer gaan hierdie feesmaal begin? Daar is dan nog soveel trane en ons is nog steeds opgeskeep met die dood en wat daarmee saamgaan, dit wat daartoe lei en dit wat daarop volg? Jesaja se profesie word in *verskillende fases* vervul.

Hierdie profesie het in die <u>eerste plek</u> betrekking gehad op Israel se **terugkeer uit die ballingskap**. Dit is toe al gedeeltelik vervul.

**Jesus se opstanding** uit die dood was 'n volgende *reuse tree* in die vervulling daarvan. Toe het die **maaltyd** in beginsel al begin. Daar het God Hom bewys as **Jahwe Sebaot,** die Koning wat alle magte oorwin, en daarom **Adonai Jahwe** – die Alleenheerser oor alles en almal.

**1 Korinthiërs 15** is die groot hoofstuk in die Bybel wat oor die opstanding handel – Jesus s'n en ons s'n. Daar skryf Paulus dat met die opstandingsdag *"die woord wat geskrywe staan, vervul word"*. Dan haal hy ('n weergawe van) Jesaja 25:8 aan: *"Die dood is verslind (ingesluk) in die oorwinning."* Paulus het dus verstaan dat die Jesaja teks in sy <u>finale fase</u> heenwys na die opstanding uit die dood, wat in beginsel met die opstanding van Jesus vervul is.

In Openbaring 21:4 lees ons oor **die nuwe hemel en die nuwe aarde** die volgende in aansluiting by Jesaja se profesie: *"En God sal al die trane van hul oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."* Op daardie dag sal die profesie van Jesaja **volledig vervul** word.
Daar was onlangs '**n foto** in die koerant van 'n luislang wat besig was om 'n bok in te sluk. 'n Deel van die bok was nog buite, maar daar was nie 'n kans dat die bok weer uit die kake van die slang sou kon ontsnap nie.
God het die dood *ingesluk*. Die dood is **oorwin**. Ons kan sê dat dit nog skop en spartel. Dit is nog besig om sy laaste stuiptrekkings te gee. Wanneer die Here **Jesus weer kom**, sal die dag en die feesmaal aanbreek waarvan die Bybel praat. Dan sal sy mag **vir almal openbaar** word sodat niemand meer sal kan *stry of twyfel* daaroor dat Hy die **Alleenheerser** is aan wie al die respek toekom nie. Dan sal gebeur waarvan ons in 24:16 lees: *"Van die uithoeke van die aarde af hoor ons liedere waarin die groot mag van die regverdige besing word."* Op die nuwe hemel en aarde sal daar

**geen sonde** of dit wat daarmee saamgaan wees nie. Daarom sal daar ook **nie hartseer en trane** wees nie.
Die dood is *verslind, opge-eet en ingesluk*!

## VOLHARD IN DIE GELOOF

Wanneer die profeet in vers 8 oor die vernietiging van die dood skryf, sluit hy af met die woorde: *"Die Here het dit gesê."* Dit is 'n beloftewoord wat **gewaarborg** is. Wat hier gesê is, is deur God self gesê, en sal daarom werklikheid word.
**Nou** is ons **nog tussen** *die alreeds* van die *"Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood"* en die *nog nie* van *"… die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe."* Dit is albei **geloofsake**.
Laat ons dan ook **vertrou** soos wat mense in Jesaja se tyd en deur die eeue onder moeilike omstandighede op God bly vertrou het. *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."* (Hebr 11:1) In daardie selfde hoofstuk lees ons ook dat daar staan: *"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon."* (:6) *"Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig …"* (:13) *"Ander gelowiges wou nie die prys vir hul eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word."* (:35) Hulle almal het God op sy woord geneem.

## SOMS KRY ONS AL DIE GEURE

Jesus se opstanding **wys terug** na Ou Testamentiese profesieë soos die van Jesaja. Dit wys ook **vorentoe** na almal se opstanding uit die dood by Jesus se weerkoms.
Die laaste verse van ons gelese hoofstuk verwys na die **tragiese lot van Moab**. Moab verteenwoordig 'n wêreld wat teen God **in opstand** is. Dit is die simbool van die mens wat **te trots** is om te erken dat hy 'n verlore sondaar is en dat net God hom/ haar kan red. *"God sal hulle in hul trots verneder",* waarsku die profeet in vers 11*, " al probeer hulle om hulleself te red."*. Al hul pogings om hulleself te red sal op *niks uitloop* nie. Vir hulle sal dit allesbehalwe 'n feesdag, maar '**n kwade dag** wees. Hulle sal vertrap word "*soos stoppels op 'n mishoop vertrap word.*" (:10)

Adak - die wat **op die Here Jesus vertrou het** en Hom as Verlosser aanvaar en as Here gevolg het, sal dit 'n dag van vreugde, **'n Fees** wees soos wat ons nooit op aarde geken het nie!
**Soms** as ek baie naby aan die Here voel, is dit asof ek al die **heerlike geure** van daardie feesmaal begin kry…

Amen
12/04/09